# Die Christelike Vrou

Dankbaar, diensbaar, geseënd | September 2022 | Amptelike mondstuk van die NHSV


# Die waarde van saamwees

***As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.***

**(Matteus 18:19-20)**

(Oordenking aangepas uit ds Ernest Horn se artikel soos gepubliseer op 20 Oktober 2014 op die NG Kerk Wonderboom se blad: https://ngkwonderboom.co.za/www/index.php/argiewe/dagstukkie/670-saamwees-is-meer-menswees)

- Die Here beklemtoon dikwels saamwees in menswees, en kind van die Here te wees.
- Hy stuur sy volgelinge twee-twee, en soms selfs in 'n groot groep uit.
- Hy neem 'n paar van sy dissipels saam met Hom na die verheerliking op die berg.
- Hy neem ook 'n paar van sy dissipels saam met Hom na die worsteling in Getsemane.
- Hy leer sy volgelinge om twee-twee te gaan na 'n medegelowige wat verkeerd optree.
- Hy leer hulle om in groepies te bid, en as 'n eenheid in sy Naam saam te wees.
- En Hy belowe sy teenwoordigheid waar twee of drie in sy Naam saam is.
- So beklemtoon Hy saamwees, veral ook in sy Naam.

Soms skram ons weg van saamwees – dalk omdat menseverhoudinge vir ons risiko's inhou? Tog is dit juis daar waar ons suurdeeg, sout en lig moet wees. Ons kan tog nie alles wat ons vir Hom doen, in privaatheid doen nie? Watter getuieniskrag sou dit inhou?

Ook die Hebreër-skrywer beklemtoon in Hebreërs 10:25: *Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly nie…*

Die vrouelidmate van die Hervormde Kerk is tans midde-in die seisoen van streekbyeenkomste. By hierdie byeenkomste is en word die dames bemoedig, ingelig, vermaak en geestelik verryk. Die grootste lekkerte van hierdie jaar se byeenkomste was egter om weer saam te kon kuier na twee jaar se afsondering en afstande tussen ons.

Ons het al in verskeie vorige uitgawes van die streke se foto's en artikels geplaas, maar hierdie maand prop ons die uitgawe sommer tjokkenblok vol daarmee. Dit is só lekker om almal te sien saamkuier en lag. Die waarde van saamwees is besonders.



# Streekbyeenkoms: Wes-Kaap















**_Melandri Oosthuizen saam met Wilna afgeneem – sy is 'n NHSV beurshouer en studeer onderwys in Wellington._**





# Vasgegom in genade

**STREEKBYEENKOMS WES-KAAP** **Lorma Janse van Rensburg**



Goeiemôre Dames

Dis vir my 'n wonderlike voorreg om vanoggend hier saam as Susters in Christus te mag kuier. Die tema vanjaar is vir my 'n baie spesiale onderwerp. Ek het so 'n paar maande gelede vir my ma vertel hoe dankbaar ek is om te kan sê dat ek in 2022 gegroei het in my geloof.

Ek gee graag 'n bietjie agtergrond oor myself:

My naam is Lorma Janse van Rensburg, 'n naam wat my pa uitgedink het nadat hy dalk besef het dat die derde kind ook 'n dogtertjie is en sy naam nie na 'n seun toe kon gaan nie. Hy het al die letters van sy naam, M a r l o, geskommel en siedaar, my naam!

Dis vanjaar my gemeenskapsjaar as verpleegkundige en ek is by DP Marais TB-hospitaal in Tokai geplaas. Dit is 'n spesialiseringshospitaal en bied langtermynsorg vir pasiënte met dwelmsensitiewe en multi-weerstandige TB. Ek is nou halfpad deur die gemeenskapsjaar en het al só baie geleer.

Ek is die jongste van drie susters: Die oudste is Rilet, 'n apteker, en die middelsus is Marga, 'n mediese dokter. Soos julle almal wat deel van groot gesinne is sal weet, die jongste kry mos altyd die *hand-me-downs*. Dus omdat my middelsus wat eers sou praat, vandag haar 24-uur-skof by Rooikruis Kinderhospitaal doen, het die eer my te beurt geval om die spreker te wees!

Die drie woorde van die tema (dankbaar, diensbaar en geseënd) kom vir my as jong Christen neer op GENADE. Ek wil dit verduidelik aan die hand van die volgende woorde van Dalene Reyburn in die dagboek wat ek lees: *Reis lig deur die lewe*:

*Om op 'n spesifieke plek geplaas te word, strek verder as waar ons nou is of waarheen ons op pad is. Ons is op 'n plek geplaas en geroep,* ***vasgegom*** *deur genade.*

Deur genade is ek wie en waar ek is vandag...

Ek is DANKBAAR om te mag sê dat ek in 'n huis grootgeword het waar die Here van kleintyd af deel van my lewe is. My ouers het 'n voorbeeld vir ons gestel van jongs af: 'n voorbeeld van liefde. Liefde vir ons Skepper, liefde vir ons medemens en vir mekaar. 'n Ware voorbeeld van nederigheid, diensbaarheid en dankbaarheid. Hulle het ons ondersteun in alles wat ons wou doen en bereik.



# Vasgegom in genade









In matriek het ek gehoop om keuring te kry vir radiografie, met verpleging as tweede opsie. As ek nou terugkyk, is ek dankbaar dat ek uiteindelik keuring vir verpleegkunde by Noordwes-Universiteit in Potchefstroom gekry het. Die opleiding vir verpleegkunde behels vier spesialiseringsvelde: *Gemeenskapsverpleging*, waar ons in klinieke moes werk. Die kliniekskofte het moeder-en-baba-sorg, ouetehuise en primêre versorging vereis. *Psigiatrie*, waar ons in institute moes werk – onder andere rehabiliteringshospitale vir persone met intellektuele gestremdhede. *Algemene verpleging* wat teater en ongevalle ingesluit het, en *verloskunde*. Kan julle glo ek moes 15 babatjies vang, voordat ek graad kon vang!

Die opleiding was nie altyd maanskyn en rose nie... Ons moes 4 000 ure werk tydens ons vier studiejare. Dit het baie opoffering, vasbyt en verantwoordelikheid gevra, terwyl die meeste studentevriende tot laatnag kon kuier en sokkie. Ons moes Sondae skofte werk, soos wat ons nou ook maar elke tweede Sondag op skof is. Dit frustreer my nou nog om nie dikwels kerk toe te kan gaan nie. Hierdie wete het my laat besef dat kerk-toe-gaan 'n voorreg is, maar het my ook laat besef dat persoonlike stiltetyd kosbaar en noodsaaklik is om my geloof te laat groei.

Met die keuse van 'n beroep in verpleging wat ook vir my 'n roeping is, kan ek nie anders nie as om DIENSBAAR te wees. Diensbaarheid in my beroep is menigmaal uitdagend en behels take wat nie altyd lekker is nie. In Potchefstroom tydens my opleiding in gemeenskapsorg het ek baie na bejaardes omgesien, en telkens as ek hulle versorg het, was dit my wens dat iemand ook só na my oupas en oumas sou omsien as hulle die dag siek is.

In my tweede jaar het ek in 'n mediese saal gewerk waar 'n tannie, wat my baie aan my ouma laat dink het, die aand gesterf het. Sy het vir vier ure geveg. Langs haar bed was daar kaartjies met Bybelversies wat ek en 'n vriendin vir haar gelees het. Daardie aand moes ons haar geliefdes bel om te sê sy het gesterf... nie 'n maklike taak nie.

Ek is dankbaar om elke oggend op te staan en diensbaar te mag wees, al is dit soms 'n ondankbare werk wat ook lewensgevaarlik kan wees. Drie maande gelede het ek vir die tweede keer 'n *needleprick injury* gekry... So 'n prik deur 'n naald wat 'n mens kan blootstel aan onder andere MIV, is 'n senutergende insident wat ook my geloof beproef het. Jy kan eers rêrig na ses maande weet of jy nog gesond is.

*Vasgegom deur genade* voel ek steeds dankbaar om diensbaar te wees. As jongmense kry ons baie keer die geleentheid om diensbaar te wees in die gemeenskap waar ons geplaas is, maar dit vra ons tyd en talente.

In April vanjaar het ek en Marga besluit om van Robbeneiland na Bloubergstrand te swem ten bate van 'n liefdadigheidsorganisase wat kos gee vir kinders. Hierdie uitdaging het behels dat ons 7,5 km in yskoue water van 11 grade moes swem. Ek het myself in hierdie situasie geplaas uit eie keuse, maar in vrees gewonder of die haaie nie dalk hongerder as die kinders sou wees nie??

Ek was gespanne en moes die swemafstand in 'n groep aandurf saam met ervare swemmers wat al tien of meer Ysterman-uitdagings voltooi het. Hier het ek weer besef hóé groot die Here se genade is. Net voor ek van die boot moes afklim in die water, het een van die swemmers seker gesien ek was angsbevange en het hy uit die bloute vir my gevra of hy vir my kon bid. 'n Kalmte het oor my gekom en ek het die Here se teenwoordigheid ervaar...

Die swem was ongelooflik en ten spyte van die koue, sal ek dit beslis weer doen. Diensbaarheid vat soms *guts*, maar 'n mens word altyd self daardeur verryk.

# Vasgegom in genade

**STREEKBYEENKOMS WES-KAAP** ***Vervolg***




***Bo: Lorma saam met die groep swemmers wat die ysige water en gevaarlike haaie van die Kaap aangedurf het.***
***Onder: Aan't swem...***

In my dagboek vanjaar is Augustus se tema toevallig *genade*. Dit is verfrissend om te weet dat God se genade 'n veranderende genade is. Wanneer genade jou hart vasvang, begin dit jou verander. Ons is nie vandag dieselfde as gister nie en ons sal môre ook weer anders wees – want genade verander ons.

Ter afsluiting: Genade is genoeg vir jou om vas te byt daar waar jy is of waar jy geplaas is – genade hou jou geanker waar God jou wíl hê en nie waar jy dink jy moet wees nie! Maak nie saak hoe onmoontlik, onbereikbaar of onvoorstelbaar iets lyk nie, as dit vir jou bedoel is, sal dit wees – dit is hoe groot die Here se genade is.

(Lorma is 'n pragtige gemeentedogter uit Worcester wat een van die twee sprekers by die Wes-Kaap se damesoggend was. Sy word op 15 September 23 jaar oud.)



# Streekbyeenkoms: Wes-Rand




# 'n Heerlike saamkuier

**STREEKBYEENKOMS: WES-RAND**

**Louise Coetzee**

**Op 13 Augustus 2022 breek die groot dag uiteindelik vir ons aan, en watter wonderlike dag was dit nie!**

Na twee jaar se uitstel weens die Covid-beperkinge, maande se beplanning en prentjies in ons geestesoë, word die dag 'n realiteit. Die realiteit is nie alleen 'n baie mooier prentjie as die prentjie in my kop nie, maar dit was 'n absoluut vervullende ervaring vir almal wat dit bygewoon het. Dit was nie net 'n kongres soos wat 'n mens sou verwag nie, maar 'n oggend propvol opwinding en 'n tema wat uitgeleef is.









Van heinde en verre daag ou bekendes en nuwe gesigte op, almal uitgehonger vir 'n saamkuier.

Ons kuier skop af met die opening deur ds Yolande de Lange van Gemeente El-Flora wat met die verhaal van Lea die boodskap deel dat God ons seën ongeag ons omstandighede, en dat ons in ons eie omstandighede dankbaarheid wat betekenisvol is, kan ervaar.


Daarna het die sangeres en ervare musikant Elaine Grobler, wat al 'n paar CD's uitgereik het, die oggend opgevrolik met haar nagtegaalstem.





Ons spreker van die oggend, Jannie Hesselink (een van ons eie gemeentelede en gekwalifiseerde transformasie-afrigter), het kom praat oor emosionele intelligensie en verhoudings en hoe ons skoner geslag met meer veerkragtigheid met ons emosies kan omgaan en dit beter kan beheer en bestuur.

Nadat almal 'n ligte ete geniet het, is ons vermaak deur die bekende akteur Wynand van Vollenstee (of sal ek eerder sê Gielie) met 'n uittreksel uit sy skreeusnaakse vertoning *'n Gewigtige Saak*, wat handel oor verskillende diëte en ons gesindhede en houdings daaroor. Die gehoor het behoorlik geskater oor sy humor en kwinkslae. Voorwaar 'n hoogtepunt van die oggend.



In kort kan ek sê: Siele is gevoed en batterye is herlaai – ons tel die dae tot ons volgende saamkuier volgende jaar.

NHSV Kruin, julle is formidabele dames. Dankie!



# Streekbyeenkoms: Pretoria en Noordelike Pretoria



# So verryk ons mekaar

**STREEKBYEENKOMS: PRETORIA EN NOORDELIKE PRETORIA** **Poppie Jordaan**




**Op Saterdag 20 Augustus 2022 is die NHSV dames van die twee streke by Gemeente Pretoria-Oos ontvang. Dit was 'n heerlike, verrykende byeenkoms en ons het in oormaat gelag en gekuier.**

Ds Annieka Pottas het die geleentheid vir ons op besondere wyse geopen. Die treffende vrae wat ons aan onsself moes beantwoord, was: Wie se stof wil jy op jou eie skoene vergader? Agter wie wil jy aanloop? Volg jy die Jesus van Vrede?

Die funksie was bevoorreg om vier van die Hoofbestuurslede te ontvang, en dit was 'n voorreg om die Hoofbestuur se boodskap van die voorsitter, Mari-lizé Beukes, self te ontvang. Sy het kortliks verwys na die NHSV se doelstellings om ons opnuut daaraan te herinner dat ons hooftaak is om die vrouelidmate van ons gemeentes geestelik te verryk. Ons dienswerk moet eerstens na ons eie gemeente uitreik en sorg vir die behoeftes wat in eie geledere opduik.

Dit was 'n besondere gevoel om aan die leuse van die NHSV herinner te word, *Wees 'n seën in hierdie wêreld*, asook om die NHSV se lied te kon saamsing. Pieter van den Berg, orrelis van Pretoria-Oos, het spesiaal hiervoor ingeloer en ons met oorgawe begelei.

Die ander hoogtepunt van die oggend was beslis ons gasspreker van die dag, Elmien Botha. Sy het ons lagspiere behoorlik laat les opsê en ons onder andere voorgestel aan Kwaai Katryn, Lientjie Lamlendig, Siena Skinderbek en Hestertjie Hulpeloos met haar pienk skoentjies. Elmien het ons lag-lag laat besef dat ons waarde nie in ons voorkoms lê nie. Ons moet onthou: Vriendelikheid is die grootste gelykmaker, en dit moet ons hoofstrewe word.



Die tema *Skoene met Attitude* het ons oortuig dat elkeen sy EIE skoene met HOUDING moet dra. Soos ons Facebook-blad gerapporteer het: *Maak vandag die keuse om diep spore in ander se lewens te trap.*

Die smaaklikste oomblik van die oggend was beslis die besoek aan die fraaigedekte tafels in die saal. Die gaste is in oormaat met heerlike eetgoed en warm tee/koffie bedien. Ons was trots om hierdie pragoggend met ons kuiergaste te kon deel.





# Streekbyeenkoms: Oos-Rand



**STREEKBYEENKOMS: OOS-RAND**

**Elizabeth Janse van Rensburg**

**Die streekbyeenkoms van die Oos-Rand het vanjaar op 13 Augustus 2022 by Gemeente Kempton Park-Oos plaasgevind.**

Die oggend het begin met heerlike eetgoed en 'n kuier, terwyl ons geregistreer het. Ons het mekaar lanklaas gesien en is aangenaam verras om bekende maar ook nuwe gesigte te sien. Na samesang en nadat die NHSV lied gesing is, het ds Annelien Geyer 'n besonderse opening gelewer deur 'n verskeidenheid vroue vanuit die Bybel voor te hou.

'n Hartlike verwelkoming het gevolg en daar is na al die takke teenwoordig se lief en leed geluister. Mev Wializé Rocher van Heidelberg het die gasspreker, ds Janine Bevolo-Manders, voorgestel, wat ons besig gehou het met 'n interessante praatjie oor boeke. Sy het voor die tyd vir ons laat weet om 'n boek wat ons gelees het, saam te bring (dit het nogal 'n geskarrel veroorsaak). Nadat party van ons vertel het van die boek wat ons gelees het en wat dit vir ons beteken het, het die spreker 'n klein boekie aan elkeen uitgedeel. Ons moes toe ons eie boek skryf oor *My lewe is 'n storie*. Daarin was jou eie epigraaf, inhoudsopgawe, lewenslesse, bedankings en biografie saamgevat. Ons tema, *Diensbaar, dankbaar en geseënd*, is deurlopend hierin gebruik.

Na 'n lekker teepouse is ons vermaak met musiek deur Gustav Barnard. Ds Janine is namens die Hoofbestuur afgevaardig om met ons oor belangrike sake te gesels. Hopelik sien ons mekaar weer in 2023 by die Nasionale Kongres.
















# Finalejaars



# Finalejaars

## *Finalejaar teologiestudente – vroue van 2022*

**Mari-lizé Beukes**

**Die NHSV se jaarlikse inligtingsessie vir die finalejaar teologie-studente het plaasgevind op 17 Augustus 2022 tydens een van hul kontakweke by die Fakulteit Teologie en Religie van die Universiteit van Pretoria.**

Die finalejaars van 2022 bestaan uit vier vrouestudente wat DV aan die einde van hierdie jaar gelegitimeer en toegelaat gaan word as predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Prop Althea Jansen van Vuuren (foto links agter) kom oorspronklik van Amanzimtoti en doen haar praktiese jaar by Gemeente Durban-Suid. Prop Lamé Janse van Rensburg (foto middel agter) woon nog al die jare in Pretoria en doen haar praktiese jaar by Gemeente Rooihuiskraal. Prop Wilma Matthee (foto regs agter) is 'n boorling van Richardsbaai en doen haar praktiese jaar by Gemeente Swartkop. Prop Louizé de Beer (sy was aanlyn ingeskakel) is van Pietersburg/Polokwane afkomstig en doen haar praktiese jaar by Philadelphia.

Die NHSV Hoofbestuur se gesprek met die finalejaar teologiestudente, wat al vir dekades 'n jaarlikse instelling is, is waargeneem deur mev Mari-lizé Beukes, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur (foto sittend), tydens 'n middagete by die Fakulteit. Die NHSV se dienslewering in gemeentes en in NHSV streke landwyd is bespreek, asook die nasionale betrokkenheid van die NHSV Hoofbestuur binne en buite die Kerk.



Daar is land en sand gepraat oor hoe hulle van jongs af die NHSV in die Kerk leer ken het, terwyl 'n heerlike vingerete geniet is. Terwyl ons hierdie oulike vier dames van ons Kerk beter leer ken het, is die NHSV breedvoerig bespreek, idees is uitgeruil, vrae is beantwoord en NHSV aandenkings is vir hulle opgemaak as geskenkpakkies.

Die NHSV se werksaamhede en prioriteite is beklemtoon, wat Bejaardesorg, Studielenings aan Hervormde studente, en Armoedeverligting insluit. Die geestelike toerusting van ons vrouelidmate op gemeentevlak is beklemtoon, sowel as by 2022 se streekbyeenkomste en die NHSV se Nasionale Kongres wat vir 2023 beplan word.

Die NHSV se seënwense vergesel hierdie vier jonge dames op hul pad en met hul werksaamhede in die Kerk. Baie dankie vir jul entoesiasme vir die NHSV se dienswerk wat ons na aan die hart lê. Mag julle die NHSV se leuse van *Wees 'n seën* beleef tussen vrouelidmate wat 'n dienende teenwoordigheid is in die lewe van die Kerk.

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Lorma Janse van Rensburg, Mari-lizé Beukes, Louise Coetzee, Poppie Jordaan, Elizabeth Janse van Rensburg**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

www.nhsv.org.za | Posbus 111, Worcester 6849 | diechristelikevrou@gmail.com
diechristelike | Christelike Vrou | 082 923 9439

*Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.*